
# 315 Net soos ek is onvoorberei




Net soos ek is, ek wag nie meer;
ek kom, hoe vuil besoedel, Heer,
en werp my aan u voete neer:
O, Lam van God, ek kom, ek kom!

Net soos ek is, ofskoon altyd
bestorm deur twyfel, haat en nyd;
van binne vrees, van buite stryd:
O, Lam van God, ek kom, ek kom.

Net soos ek is, ellendig blind,
soms tot die wêreld so gesind,
in U alleen is heil te vind:
O, Lam van God, ek kom, ek kom.

Net soos ek is, u liefde teer
werp elke hindernis nou neer;
nou dien ek U alleen, o Heer:
O, Lam van God, ek kom, ek kom.

Charlotte Elliot (1789-1871) W.B. Bradbury (1816-68)